

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
Rapporteerbaar  
[PROVINSIALE AFDELING KAAP DIE GOEIE HOOP ]

|                     |             |
|---------------------|-------------|
| Hooggeregshof Verw  | 2904/02     |
| Saaknommer          | PSS131/2002 |
| Spesiale Hersiening | 50/2002     |
| In diesaak :        |             |

**DIE STAAT**

Versus

**ANDRIES PETRUS STEFANUS ROUX**

**Beskuldigde**

---

HERSIENINGSUITSPRAAK : **02 DESEMBER 2002**

---

Williams WnR:

Die beskuldigde staan tereg in die Streekhof Paarl op 'n aanklag van onsedelike aanranding gepleeg op 'n 10 jarige seun met Down sindroom. Die jong klaer, so wil dit voorkom vanuit die oorkonde, is soos in meeste van hierdie tipes sake die Staat se enigste wesenlike getuie ten opsigte van die misdryf.

Gedurende ondervraging vanaf die streeklanddros om te bepaal of die klaer die aard en betekenis van die eed begryp alternatiewelik of hy kan onderskei tussen die waarheid en onwaarheid het dit duidelik geword dat die klaer 'n spraakprobleem het daar hy homself nie kon uitdruk in sinne of woorde wat vir die hof sin gemaak het nie. Alhoewel hy kon praat wassy antwoorde onduidelik en het dit soms nie sin gemaak nie. Die probleem wat die hof hier ondervind het kan slegs geïllustreer word deur uittreksels uit die oorkonde.

HOF: Shank ek moet nou hierdie vir jou vra. Het jy al gehoor van eed wat die betekenom die eedte neem?.... Ja.

Sí jy ja? ... Hy sí ja.

Weet jy wat die betekenom die eedte neem?.... Ja.

... (onduidelik)

Okay, sí vir my wat dink jy is hierdie eed waarvan ek praat?... ... (onduidelik)

Onder. Waar het jy gehoor van hierdie eed?... (onduidelik)

Gebou. Gaan jy kerk toe?... Ja.

Vertel my weervan die eed wat sí jy watis dit?... Gebou... (onduidelik)

Ek weet nie watenige van daardie woorde beteken nie.

MNR MAARTENS: Ek het gebou hoormet diereendandie woord bye.

HOF: En bye. En ek sukkel om die konteks van die eed daarby te kry. Kan u enigeskakeling en dit wat hy gesí het en die eed?

MNR MAARTENS: Met alle eerbied Agbareen breek my kop. Ek weet nie of u in terme van sinnemaar wil begin dink nie, soos watis die om te sweernie.

HOF: Maar ek gaan dink probeer dink daaraan maar ek ... (onduidelik) Het jy gehoor van sweer Shank. Weet jy wat die betekenom te sweer?... Ja, sweermanne komen..... (onduidelik) vat jou tronk toe."

HOF: 'n Hof. Wat doen 'n mens hier by hierdie plek?... Praat.

Praat.

Praat. Ja, want dit doen ons baie. Nou as jy hier by die hof en

daar gesí word vir jou jy moet sweer, jy moet voor God sweer weet jy wat dit beteken?...

Nee, die ding is ... (onduidelik) en daar... (onduidelik) omsit hier.

Ek moet eerlik sý ek het nie enige van die aspekte verstaan nie.

Okay, ek kan probeer om 'n ander aspek - Shank weet jy wat die beteken om die waarheid te praat? ... Jok.

Jok. Wat beteken die waarheid? ... Pak slae.

Pak slae? ... En straf.

En straf? En as - en weet jy wat beteken dit as 'n mens leuens vertel of jok? ... Jok? ... (onduidelik) waarheid, sweer.

Ek het straf gehoor. Watter een dink jy is reg en watter een dink jy is verkeerd Shank. Is dit verkeerd om die waarheid te praat? ... Waarheid.

Wat gaan gebeur as ek jok? ... (onduidelik) het ... (onduidelik) seermaak.

Seermaak. Is daar ander juffrou Haupt is daar enige - het u enige suggesties oor hoe ek die getuie verder moet benader of wat u indruk is van die situasie. Kon u enigiets verstaan?

AANKLAER: Edelagbare, daar is dele wat ek nie kan verstaan nie.

Uit die woord wat hy gebruik kan ek afleidings maak van wat hy bedoel maar ek dink nie dit is seker goed genoeg vir die Hof se doeleinde nie.

HOF: So met ander woorde elkeen van ons sal moet afleidings maak oor wat hy eintlik bedoel.

AANKLAER: Ja.

HOF: Ons hoor een greep en dan moet ons nou aanvaar hy sý dit is wat hy sý.

AANKLAER:

Dit is ongelukkig so Edelaagbare.”

Die streeklanddros het op grond van hierdie ondersoek beslis dat hy nie kan bepaal of die klaer kan onderskei tussen die waarheid en leuens nie, en dat hy derhalwe ‘n onbevoegde getuie is.

Vanaf Staatskant is daar aangedui dat die klaer moontlik deur middel van ‘n spraakterapeut getuie is soos kon aflu wat vir die hof meersin sou maak en wat dit moontlik sou maak om beter met hom te kommunikeer.

Dit is hierdie aspek wat die probleem veroorsaak het. Volgens die landdros maak artikel 161 van die Strafproseswet, wat handel met getuie is lewering, nie voorsiening vir ‘n geval soos hierdie waar die getuie wel kan praat, maar homself nie sinvol kan oordra nie.

Na sy beslissing het landdros Klopper gelas dat die saak vir spesiale hersiening aan hierdie Hof voorgelê word, om te beslis oor die toelaatbaarheid al dan nie van ‘n spraakterapeut om die jong klaer se getuie is te interpreteer oor te dra. Advokaat Geyser van die Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolging het op uitnodiging van die hof waardevolle insigte in hierdie verband gelewer. Hy word bedank daarvoor.

Artikel 161 Wet 51/77 bepaal as volg:-

“(1) n Getuie by strafregtelike verrigtinge lê sy getuie is **viva voce af**,

**behalwe waarhierdie Wet of 'n ander wet uitdruklik anders bepaal.**

- 2) **In hierdie artikel word die uitdrukking “viva voce”, in die geval van 'n doofstomgetuie, geaggebare tale, in die geval van 'n getuie onder die ouderdom van agtien jaar, geag demonstrasies, gebare of enige ander vorm van nie-verbale uitdrukkinge in te sluit.”**

Die landdros maak die volgende opmerking ten opsigte van artikel 161(2):

**“maar dit is baie duidelik indien die artikel gelees word dat dit nie voorsiening maak vir 'n persoon wat wel viva voce getuigen wat wel 'n vorm van verbale uitdrukking gebruik, maar wat nie verstaan word nie.”**

Hier wil ek met respek verskil van die streeklanddros. Tolke word algemeen gebruik in ons howereedsom getuie is oor te dra in 'n taal waarmee die beskuldigde en of die hof vertrou is. Artikel 6(2) van die Wet op Landdroshoe 32 van 1944 bepaal:

**“Indien getuie in 'n strafsake aangehoor word in 'n taal waarmee die mening van die hof die beskuldigde nie genoegsaam vertrou is nie, moet die hof 'n bevoegde tolk inroep om sodanige getuie oor te sit in 'n taal waarmee die beskuldigde voorgee of aan die hof blyk genoegsaam vertrou te wees onverskuldig of die taal waarin die getuie aangehoor word een van die landstale is en of die beskuldigde se verteenwoordiger met die getuie se besigde taal**

**vertroud is al dannie.”**

Die doelen beskrywing van 'n tolk word in S v Naidoo 1962(2) SA 625 HHA op 632H by monde van Williamson AR as volg opgesom:

**“The witness being examined is saying something not perhaps understood by the Court or the Court recorder; a species of expert witness is telling the court in a language understood by the Court (and any recorder) what it is the witness is actually saying.”**

In R v Ramikolo 1954(3) SA 255(O) waar die landdros 'n stom getuie bevoegd verklaar het om te getuig by wyse van gebare taalen toe later die saak op hersiening gestuur het aangesien die strafbode destyds slegs voorsiening gemaak het vir *viva voce* getuie is merk Horwitz R op te 256D:

**“In my view, the magistrates seek to place too narrow an interpretation on the provisions of sec 220 of the Criminal Code. It is generally accepted that any physically handicapped witness who has the necessary intelligence to understand the nature of an oath and to convey what he wishes to communicate in some intelligible form, whether by writing or by sign or motions, should be regarded as competent to testify, though the cogency of such testimony is a matter for the trial court's decision and a presiding officer will receive the evidence with**

**caution.”**

Die geleerde regter haal verder aan uit 'n voetnoot van Wigmore Evidence (3de uitgawe):

**“The mode of communication will usually be in words or other symbols directly intelligible to the tribunal. If the witness cannot employ a mode thus directly intelligible some intermediary may and must be sought who can interpret the witness' mode into an ordinary one.”**

In Pachcourie v Additional Magistrate, Ladysmith 1978(3) SA 986(N), waar 'n doofstom beskuldigde deur middel van 'n tolk getuig het wat hom etlike jare geken het en met hom kon kommunikeer deur middel van handgebare, en dus op hierdie manier die handgebare vir die hof kon interpreteer, het die hof op hersiening nie fout gevind met die wyse van getuie is lewering nie, mits dit deur 'n bevoegde en behoorlike gekwalifiseerde tolk aangebied word.

In S v T 1973(3) SA 794(A) het die moeder van 'n 5 jarige klaagster wat te sag gepraat het vir die verhoor hof om te hoor op getree as tolk sodat die hof haar getuie is kon hoor. Die hof op appél het nie kritiek gehad teen die wyse waarop die getuie is oorgedraais aan die hof nie, maar wel ten opsigte van die feit dat

- a) die getuie is oorgedraais deur 'n persoon wat nie onpartydig teenoor die saak gestaan het nie as moeder en ook getuie in die saaken

- b) die moeder nie die eed geneem het dat sy die getuienis van die klaagster getrouen korrek aan die hof sou weergee nie.

Daar was dus geen beëdigde getuienis voor die hof oor wat die klaagster sou getuig nie. As gevolg van hierdie redes is die klaagster se getuienis ontoelaatbaar gevind.

Dit is duidelik uit die vooropgestelde dat ons hoeweer oor die jare die afli van getuienis “*viva voce*” wyd interpreteer het. Ek glo dus nie dat die wetgewer beoog het dat artikel 161(2) van die strafproseswet ‘n *numerous clausus* daarstel van gevalle waar die uitdrukking “*viva voce*” ander vorms van kommunikasie insluit nie. Dit is in elk geval my mening dat strafhoeweer nie onnodiglik deur nou interpretasies van wetgewing en/of regsbeginsels struikelblokke in die pad plaas by die aanhoor van getuienis van getuies wat nie op die normale wyse hul getuienis kan voorli nie.

Die oogmerk met hierdie subartikel sou na my mening reeds wees om te verhoed dat getuienis bloot omdat dit nie op gewone wyse verstaanbaar is vir die hof, beskuldigde en hofampnare nie, uitgesluit word as daar wel ‘n manier is om die getuienis verstaanbaar te maak.

Daar is myns insiens geen beletsel daarteenom die getuienis van die klaer te ontvang deur middel van ‘n spraakterapeut of – deskundige nie, mits die persoon in die omstandighede bevoegdis om die getuienis van die klaer oortetolk.

Daar sal noodwendig eers ondersoek ingestel moet word om te bepaal of die deskundige

bevoegd is om die getuienis te tolk, waarna daar met behulp van die (deskundige) tolk  
ondersoeking gestel moet word of die klaer self bevoeg is om te getuig.

---

**CC WILLIAMS (WNR)**

Erasmus R : Ek stem saam.

Dit word gelas dat die Streekland dros voortgaan met die verhooren pogings aanwendom  
deur middel van 'n wye interpretasie van art 161 Wet 51/77 om die getuies van die klaer aan  
te hoor.

---

**NC ERASMUS R**

